Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, June 12, 2025

Page: 32

LBW Geldbeplanning | ANDRÉ ELOFF

# Aparte testament raadsaam vir bates in buiteland

Ál meer mense het bates in Suid-Afrika én in die buiteland. In hierdie rubriek word wenke gegee oor hoe om met sulke bates te handel wat testamente betref.

Daar is toenemend navrae van Suid-Afrikaners wat plaaslike én buitelandse bates het en wil weet hoe en waar hul testament opgestel behoort te word. Soms woon en werk hierdie mense in die buiteland, terwyl hulle bates in Suid-Afrika het. Verder is dit onduidelik of die eksekuteur van die Suid-Afrikaanse testament ook die bereddering van die buitelandse bates mag doen.

Ander mense wat in die buiteland woon, stel dáár 'n testament op met 'n eksekuteur (administrateur/beredderaar/*probate officer*) van daardie land om ook die bates in Suid-Afrika te administreer. Die vraag is of dit wettig is en of dit gedoen kan word.

Die algemene advies in Suid-Afrika is om eerder in die buiteland 'n testament op te stel vir die buitelandse bates. Buitelandse bates kon verkry word deur 'n erfenis van familie wat daar gewoon het, deur self bates aan te skaf terwyl 'n mens in die buiteland gewerk het, of om geld uit Suid-Afrika via die Reserwebank se toegewings te gebruik om bates oorsee te koop.

## Verskillende wette

Bernaters Prokureurs in Johannesburg, wat inligting vir hierdie rubriek verskaf het, som die situasie mooi op. As daar bates in verskillende lande is, beteken dit dat die bates in verskillende jurisdiksies is. Dit beteken dat elke land ingevolge sy eie wetgewing bepaal hoe bates daar vererf word.

In Suid-Afrika bepaal wetgewing dat elkeen wat 16 jaar en ouer en by sy of haar volle verstand is, in hul testament hul bates kan bemaak aan wie hulle wil. Dit sal sodanig deur die eksekuteur verdeel word ná die persoon se afsterwe. Ons noem dit "testeervryheid". Testeervryheid word in artikel 25 van die Grondwet vasgelê.

Indien 'n individu nie 'n testament het nie, is die Wet op Intestate Erfopvolging (Wet 81 van 1987) van toepassing. Dit beteken dat die oorledene se gade en kinders gelykop erf (in kindsdele). As die kinders minderjarig is, gaan die erfenisse na die meester van die hooggeregshof se voogdyfonds totdat hulle mondig word.

Dit is altyd beter om 'n testament op te stel om minderjarige erfgename se voordele of erfenisse in 'n testamentêre trust te plaas, pleks daarvan dat dit na die voogdyfonds gaan.

Dit is moontlik dat 'n eksekuteur van 'n Suid-Afrikaanse testament die bates van 'n oorledene wat in die buiteland is, kan beredder. Die probleem is dat dit ingewikkeld en tydrowend is – soms tot nadeel van die erfgename. Elke land het sy eie wetgewing oor vererwing en hoe 'n testament behoort te lees om prakties uitvoerbaar te wees. Sekere lande gebruik nie testamente nie, met die wet wat bepaal hoe jou bates verdeel moet word ("gedwonge erfenisse").

Nie alle lande gaan 'n Suid-Afrikaanse testament aanvaar nie, want as daardie land wetgewing rakende gedwonge vererwing het, kan die Suid-Afrikaanse testament se wense skipbreuk lei. Stel eerder in die buiteland 'n testament op wat aan daardie land se vereistes voldoen.

Indien daar in 'n Suid-Afrikaanse testament 'n buitelandse eksekuteur benoem word, het sodanige persoon of instelling geen jurisdiksie om in Suid-Afrika die bates te beredder nie. Ingevolge artikel 13(1) van die Boedelwet (Wet 66 van 1965) mag niemand met 'n bestorwene se boedelbates handel sonder die toestemming van die meester nie. Die persoon sal dan by die meester moet aansoek doen om as eksekuteur aangestel te word. Die kans is goed dat die meester kan vereis dat daar aan 'n plaaslike agent volmag gegee moet word.

Dié proses verg verskeie beedigde verklarings en alle relevante dokumente wat geverifieer en gesertifiseer moet word.

Net só sal 'n Suid-Afrikaanse eksekuteur nie by magte wees om jurisdiksie in die buiteland te verkry om daar met die bates van die oorledene te handel nie. Dié eksekuteur sal ook dáár 'n agent moet aanstel. Die prosesse wat gevolg moet word, vertraag die afhandeling van die boedel.

Indien die buitelandse bates in verskillende lande is, maak dit die probleem net ingewikkelder. Verder moet daar ook nie duplikasie van die beredderingsproses voorkom nie.

Dit is ook belangrik vir die meester in Suid-Afrika dat daar 'n fisieke adres in die land is waar iemand aanspreeklik gehou kan word om die administrasie vlot te laat verloop.

'n Baie belangrike aspek is sekuriteitstelling deur die eksekuteur in Suid-Afrika rakende bates onder sy beheer. Die eksekuteur kan in die testament kwytgeskeld word van sekuriteitstelling. Indien daar nie vrystelling is nie, moet die eksekuteur 'n sekuriteitsverband van 'n korttermynversekeraar bekom voordat 'n eksekuteursbrief uitgereik sal word. 'n Buitelandse eksekuteur gaan dalk nie so maklik deur die meester kwytgeskeld word nie.

## Win kennis in

Dit is raadsaam dat kliënte uitvind hoe 'n spesifieke land se vererwingswetgewing werk, hoe en waar die testament (indien enige) opgestel kan word en wat die koste is, wat die administrasie behels, wie jurisdiksie het en hoe sekuriteitstelling werk.

Laat die testament eerder in die buiteland opstel, want dit kan baie onnodige probleme voorkom. Dit is ook belangrik om in die Suid-Afrikaanse testament geen melding te maak van die bates in die buiteland nie, want dit kan daartoe lei dat die plaaslike eksekuteur die bates in die buiteland moet beredder as deel van sy administrasie. **LBW**

*André Eloff (lid van FISA) is 'n boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.*

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.